higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N5

(Eerste vraestel)

(10010525)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

BENODIGDHEDE: ANTWOORDBOEK
A4 tikpapier (ook vir rofwerk)

Kunsmediums en materiale wat benodig word vir Modetekeninge word toegelaat.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 2 addenda
en 1 inligtingsblad vir vraestel 2

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
EERSTE VRAESTEL
TYD: 2 URE
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ń nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ń blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Mohammedaanse mans enkellengte wit broek is…

A Skibroek
B Kortbroek
C Dhoti
D Pajamas

1.2 Die afmetings van hierdie hoofdrag (‘headwear’) is tien tot vyftig treë (‘yards’) lank.

A Keil (‘Top hat’)
B Tulband
C ‘Togue’
D Hardebolkeil (‘Bowler hat’)

1.3 Die tipiese Spaanse hoofbedekking/drag

A Shenti (‘Schenti’)
B Lendedoek (‘Loin cloth’)
C Sari
D Mantilla

1.4 ń Hobbelromp is …

A ń stywe romp moeilik om mee te loop.
B ń lang baadjie met strepe.
C soos mansbroeke
D ‘m rok gedra in Mexico.

1.5 Die Nuwe Voorkoms (New Look’) was…

A modes van Dior
B Indiese damesmodes
C mode gedurende 1992.
D ń baie mooi uitrusting.

1.6 Die parka is ń basiese kledingstuk vir die…

A Skotse jong mans
B Romeinse dames
C Sigeuners (‘gypsies’)
D Eskimos

Kopiereg voorbehou

1.7 ń Korter Chiton is …

A Ionies.
B Bussel (‘Bustle’).
C Doriese (‘Doric’).
D Krinolien (‘Crinoline’).

1.8 Die bandelette was…

A ń opgedrukte voorkoms wat die borste as een vorm saamdruk.
B stewels deur Romeinse jagters en soldate gedra
C haklose ballettipe plat skoen.
D bande wat oorkruis rondom die lyf gedra is om die borste in vorm te hou.

1.9 Tydens die busseltydperk is… vervang deur die bussel.

A Kortbroeke
B Krinolien
C Sleepgewaad (‘Houppeland’)
D Hobbelromp

1.10 Gedurende die middeleeue het … kousware geword.

A Mansbroeke (‘Breeches’)
B Oortuniek (‘Supertunic’)
C Sleepgewade (‘Houppelande’)
D Middeleeuse oorkleed (‘Cotehardie’)

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ŉ term uit KOLOM B om by ŉ beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die hoë middellyflyn met die Empire-lyn was in die mode.	A	Neoklassiek
2.2	Die dames uurglas-sihouette is deur meeste dames verkies.	B	1920
2.3	Aandag het geskuif van die middellyf na die heupe.	C	Sari
2.4	Die sakdoek-soomlyn (‘handkerchief’) was in die mode.	D	Kilt
2.5	ń Franse opgepofde rol vasgemaak rondom die heupe vir die romp om reguit vanaf te hang.	E	Flamenco
2.6	ń Indiese dameskledingstuk wat bestaan uit 5 – 9 m materiaal.	F	Dhoti
2.7	Japanese wit kouse met gesplete tone.	G	Tabi
2.8	Skotse kledingstuk ondersteun deur ń breë leerbelt.	H	Himation
2.9	Spaanse dansrok	I	1942
2.10	ń Soort dekmantel gedra gedurende die Griekse tydperk.	J	Forthingale
		K	Fin de Siecle

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Spaanse boervroue dra soms sakdoeke bo-oor die hare wat onder die ken geknoop word.

3.2 Die parka van die Eskimos word gemaak van robvel.

3.3 Die tulband is ń Indiese hoofdrag (‘headgear’).

3.4 The ‘chlamys’ is langer as die ‘himation’.

3.5 Die sirkelvormige laslap-area op die regterkant van die Dalmatique word ‘claves’ genoem.

3.6 ń Enkellengte kledingstuk met lang moue wat in Arabië gedra word, word die ‘thawb’ genoem.

3.7 Gedurende die Barok tydperk het die vroulike silhoeët na ń uurglassilhoeëtte verander.

3.8 1837–1860 was bekend as die bussel-tydperk.

3.9 Die tipiese Spaanse hoofdrag (‘headdress’) is die Mantilla.

3.10 Die Doriese chiton is korter as die Ioniese (‘ionic’) chiton.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg:



[Source: *Pinterest*]

4.1.1 Gedurende watter tydperk is hierdie kledingstukke gedra? (1 × 2) (2)

4.1.2 Wat het mans gedoen om ń illusie van reghoekige skouers te verkry? (1 × 2) (2)

4.1.3 Wat was populêre hoofdrag (‘headgear’) vir vrouens gedurende hierdie tydperk? (1 × 2) (2)

4.1.4 Wat was populêre hoofdrag (‘headgear’) vir mans gedurende hierdie tydperk? (1 × 2) (2)

4.1.5 Onderskei tussen die Forthingale en die Farthingale. (2 × 2) (4)

4.1.6 Op ń A4 papier, teken ń ontwerp-ontwikkelingskets (‘design development sketch’) van ń dames aandrok geïnspireer deur hierdie tydperk. Wys slegs die vooraansig. Plak die bladsy in jou ANTWOORDBOEK. Gebruik die croquis in ADDENDUM A (aangeheg). (8)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die volgende skets en maak ń produksietekening van die voor- en agteraansigte van die rok. Hou die vereistes vir ń goeie produksietekening in gedagte. Gebruik die croquis in ADDENDUM B (aangeheg).



[WWW.bing.com/fashion **design sketches]**

(25)

5.2 Bestudeer die onderstaande skets deeglik en maak ń aanbiedingstekening van ń figuur met ń aandrok ('ball gown') aan wat geïnspireer is deur die skets. Wys slegs die vooraansig. Voltooi die aanbiedingstekening met ń gepaste agtergrond en bykomstighede verwant aan die tydperk waarin hierdie uitrusting modieus was. Hou al die vereistes vir ń goeie aanbiedingstekening in gedagte. Jy mag die croquis in ADDENDUM A (aangeheg) gebruik.




(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100


Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A
VRAAG 5.2



Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B
VRAAG 5.1



Kopiereg voorbehou

NB: VERWYDER HIERDIE BLADSY EN GEBRUIK OM VIR VRAESTEL 2 VOOR TE BEREI

INSTRUKSIES EN INLIGTING OOR DIE ONTWERPTEMA VIR MODETEKENINGE N5 V2

AFDELING A VAN VRAESTEL 2

1. Gebruik die instruksies hier onder om voor te berei vir MODETEKENINGE N5 VRAESTEL 2 wat binnekort geskryf sal word

2. Jy het Noord-Wes Indië gedurende die vakansie besoek en is geïnspireer deur die geskiedenis van die voorouers van die Sigeuners (Gypsies). Gebruik die tema: **'DIE SIGEUNERS'** ('The Gypsies') as inspirasie om ń reeks aanddrag vir jong dames te ontwerp.

3. Kandidate mag enige geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, tooisels('trimmings'), tydskrifprente en ander noodsaaklikhede versamel en in die eksamenlokaal inneem. om ń stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema te voltooi.

4. Tydens die eksamen van VYF URE moet kandidate ń inspirasiebord, en/of ń ontwerpontwikkelingsvel, en/of voorstellings-/aanbiedingsbord, en/of produksieskets, en/of bykomstighede-bord oor die gegewe tema maak.

5. Kandidate hoef nie al die sketse in die ontwerpproses te doen nie. Die spesifieke sketse om te teken sal aan die begin van die eksamensessie aan die kandidate gegee word

6. Kanidate mag GEEN vooraf-getekende modesketse in die eksamenlokaal bring nie. Alle sketse moet tydens die FORMELE EKSAMENSESSIE gedoen word. Modefigure ('croquis') sal verskaf word.

7. Die vraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema in. Elke vraag of modebord/tekening tel 100 punte. Die totaal van die tweede vraestel is 300.

8. Netheid en professionele afronding van die voorlegging is belangrik.

LET WEL:

- Bring alles wat jy nodig het vir die maak van die tekeninge, borde of bladsye.
- A3 tekenpapier en kartonne in KLEUR wat die reeks komplimenteer.
- Enige kleurmedium
- Versamelde geskrewe inligting.
- Ander benodigdhede (tydskrif-fotos, materiaalmonsters tooisels).
- Kunsmateriale en skryfbehoeftes ens.)
- A3 koevert om alle voltooide werk na die eksamensessie in te sit.

Kopiereg voorbehou